

Donderdag 30 November

Skrifgedeelte: Matteus 25:31-46

Fokusgedeelte: Matteus 25:37-40; HK Sondag 31

In die Koninkryk: Verbaasde erfgename

Jesus se beskrywing van die laaste oordeel is aangrypend: Hy kom “in majesteit ... en al die engele saam met Hom”. Hy gaan sit “op sy koninklike troon” en “al die volke” word voor Hom gebring. Hier is die groot dag van afrekening. Die grootste, belangrikste, mees verhewe samekoms in die hele geskiedenis. Die aarde en sy bewoners word tot verantwoording geroep voor God in teenwoordigheid van sy engele. Gaan ons nou die donderende oordeel van God as Regter hoor?

Verbasing op verbasing. God as Vader se uitnodiging word eerste gehoor: “Kom, julle wat deur my Vader geseën is! Die koninkryk is van die skepping van die wêreld af vir julle voorberei. Neem dit as erfenis in besit.” Jy wil dalk ook vra: Hoe is dit moontlik? Hy gee die rede: “Ek was honger en julle het My iets gegee om te eet ...” Nou raak dit nog meer verstommend. Die geseëndes wil van verbasing weet: Wanneer het ONS dit alles aan U gedoen?

Die antwoord is eenvoudig: Toe julle dit aan die geringstes van my broeders gedoen het, sonder om iets terug te verwag. Toe julle goed gedoen het bloot uit liefde vir God en jou naaste, sonder om boek te hou van die goed wat jy doen. Toe broederliefde en naasteliefde onder leiding van die Heilige Gees jou leefwyse geword het as Beelddraer van God. So geseënd is jy, verbaasde erfgenaam!

Psalm 146-1:5-7

Ds. JA (Johan) Schutte (Emeritus)